NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2008

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A - Letterkunde (40 punte)
   Afdeling B - Transaksionele Skryfwerk (60 punte)

3. Beantwoord ALBEI Afdelings.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer antwoorde soos die vrae op die vraestel.

7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

IEB Copyright © 2008

AFDELING A LETTERKUNDE

BREEK – Barrie Hough & Lizz Meiring

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord AL DRIE die vrae in hierdie afdeling.
2. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.
3. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Doen die beplanning van jou vraag op die bladsy aan die linkerkant. Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord, bv. VRAAG 1.

Voorbeeld:

BEPLANNING (aan die linkerkant)	**VRAAG 1** (aan die regterkant)

VRAAG 1

Justie werk as assistent-stilis by *Prisma*, 'n dekortydskrif. Sy moet dikwels met kosbare/duur glasitems en kristal werk. Dit is ironies dat sy juis daar werk, want sy is bang om 'n glas te breek.

Die *breek* van iets is 'n motief wat orals in hierdie verhaal voorkom.

1.1 Skryf **VIER PARAGRAWE** waarin jy aandag gee aan die volgende:

- Noem elke keer 'n insident waar iets in die verhaal gebreek of amper gebreek het.
- Verduidelik dan hoe dié insident die karakters geaffekteer het.

Jou vier paragrawe moet saam ongeveer 150 – 200 woorde wees.

VOORBEELD

Insident 1	Paragraaf oor die insident en hoe dit die karakters geaffekteer het
Insident 2	Paragraaf oor die insident en hoe dit die karakters geaffekteer het
Insident 3	Paragraaf oor die insident en hoe dit die karakters geaffekteer het
Insident 4	Paragraaf oor die insident en hoe dit die karakters geaffekteer het

(8)

1.2 Verduidelik kortliks waarom die titel van die boek ***Breek*** is. (2)

10 punte

IEB Copyright © 2008

VRAAG 2

Hierdie opdrag moet as EEN skryfstuk van TWEE paragrawe (totaal 180 – 200 woorde) aangebied word. Lees eers die hele opdrag deur voordat jy begin skryf.

Die hooftema van *Breek* is: NIKS IS SOOS DIT LYK NIE

Kyk na die onderstaande twee prente en skryf twee paragrawe (een oor Gideon en een oor Tom) waarin jy die volgende dinge bespreek:

Prent 1 – Paragraaf 1

Gideon verwys na die prent hier langsaan in een van Tom se Sielkunde-boeke wanneer hy oor sy ma praat.

Wat sê Gideon van sy ma met verwysing na dié prent? (2)

Vertel ook wat later in Gideon se lewe gebeur wat dié spesifieke prent en die hooftema nog meer toepaslik op sy gesin maak. (1)
[3]

Prent 2 – Paragraaf 2

Die prent hier langsaan stel Tom se ouers se huweliksherdenkingspartytjie voor.

Hoe skakel die tema "niks is soos dit lyk nie" met die prent en wat daardie aand gebeur het? (1)

Noem en verduidelik TWEE dinge wat tydens hierdie geleentheid gebeur het wat aansluit by dié tema. (4)

Hoe dink jy is dit moontlik dat die gaste wat by die partytjie was, nie die ware feite oor Werner en Alma se huwelik geken het nie? Sê kortliks. (2)
[7]

10 punte

IEB Copyright © 2008

VRAAG 3

Lees die volgende uittreksel noukeurig deur en beantwoord dan die vraag wat daarop volg.

> "Missing in action. Die groot antwoord op jou groot vraag, Tom. Die lewe is 'n oorlog. Moerse nice metafoor, né? Party van ons oorleef, ander gaan dood. Sommige van ons verdwyn net. En ons het almal wonde. Nie noodwendig fisieke scars wat ons kan wys nie."

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van die **"wonde"** wat verskillende karakters in *Breek* opgedoen het. Moenie subopskrifte gebruik nie.

In jou opstel moet jy aandag gee aan die volgende punte:

- Watter wonde het Tom se pa, Tom se stiefma, Tom, Gideon, Justie, Justie se ma, Gideon se pa, Gideon se ma, opgedoen? Kies enige VYF van dié karakters.
- Vertel wat die rede(s) was vir die "wonde" van elk van dié vyf karakters.
- Vertel wat die verskillende karakters gedoen het om die wonde te probeer gesond maak of om dit vir hulle makliker te maak om daarmee saam te leef.

Beplan jou opstel deeglik voordat jy dit skryf. Jou opstel moet 200 – 250 woorde (ongeveer 'n bladsy) lank wees.

Maak seker dat jy die vraag reg beantwoord en nie die hele verhaal oorvertel nie.

20 punte

IEB Copyright © 2008

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Doen die beplanning van jou vraag op die bladsy aan die linkerkant. Skryf die opskrif:

   BEPLANNING boaan.
5. Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord, bv. VRAAG 4.

   Voorbeeld:

BEPLANNING (aan die linkerkant)	**VRAAG 4** (aan die regterkant)

LET WEL:

ASSESSERING – Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van vereistes van skryftaak
- interpretasie van opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

VRAAG 4 BRIEF AAN DIE PERS

Die volgende spotprent van Frans Esterhuyse het in *Beeld* van 28 Januarie 2008 verskyn. In die spotprent word daar verwys na moontlike elektriese kragtekorte wat gedurende die Wêreld Sokkerbekerwedstryde in 2010 kan voorkom.



Vroeg in 2008 kon ons reeds sien dat ESKOM nie genoeg krag het vir Suid-Afrika se behoeftes nie. Nou probeer hulle om met beurtkrag die probleem te verlig.

Skryf 'n brief aan *Beeld* waarin jy:

- kortliks vertel hoe 'n kragtekort jou persoonlik raak.
- verduidelik watter slegte effek 'n kragtekort vir die land kan hê.
- voorstelle maak van hoe jy en alle Suid-Afrikaners krag kan bespaar.

Beplan jou brief voordat jy die finale brief skryf.

Die inhoud van jou brief moet 150 – 200 woorde wees.

30 punte

IEB Copyright © 2008

VRAAG 5 DAGBOEKINSKRYWING

Die onderstaande strokiesprent het in *Beeld* van Woensdag 14 Desember 2005 verskyn. Bestudeer dit en beantwoord dan die vraag wat daarop volg.

Jy skryf nou die laaste eksamen van jou skoolloopbaan. Wanneer jy terugdink aan die twaalf jaar wat verby is, besef jy dat dit nie altyd net goed gegaan het tussen jou en jou vriende nie. Soms het julle baklei en selfs besluit om 'n einde aan die vriendskap te maak. Tog is daar dae wat jy nooit sal vergeet nie.

Opdrag:

Maak TWEE dagboekinskrywings van verskillende dae in jou skoolloopbaan.

Uit die een dagboekinskrywing moet dit duidelik blyk dat daar iets onaangenaams tussen jou en 'n maat gebeur het.

Uit die ander dagboekinskrywing moet dit duidelik blyk dat jy 'n wonderlike tyd saam met jou maat deurgebring het.

Vereistes:

Die twee dagboekinskrywings moet saam 120 – 150 woorde lank wees.

Die dagboekinskrywings moet

- realisties wees.
- soos 'n regte/ outentieke dagboekinskrywing lyk.
- in volsinne geskryf word.

Beplan jou dagboekinskrywings voordat jy die finale inskrywings maak.

30 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2008